

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# S v Siteo (138/85) [1985] ZASCA 128 (27 November 1985)

**[1985] ZASCA 128**

## COURT

Supreme Court of Appeal

## BEFORE

Cillie, Kotze, Miller

## CASE / FILE NUMBER

138/85

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPELAFDELING)

In die saak tussen:

ERNESTO SITOE Appellant

EN

DIE STAAT Respondent

Coram: KOTZe, MILLER ARR et, CILLIé, Wn AR  
Verhoor: 22 November 1985  
Gelewer: 27 November 1985

## UITSPRAAK

CILLIé, Wn AR :

Die appellant is in die Suid-Oostelike Rond-gaande Afdeling van die Transvaalse Hooggeregshof op sewe

verskillende / 2

2

verskillende aanklagte skuldig bevind. Die misdrywe was die volgende: Moord sonder versagtende omstandighede, drie gevalle van roof met verswarende omstandighede, die onwettige rig van 'n vuurwapen, die onwettige besit van 'n vuurwapen en van ammunisie. Op die skuldigbevinding aan moord is hy die doodvonnis opgelê. Op een van die skuldigbevindings aan roof het hy 'n soortgelyke straf ontvang. Diestrawwe met betrekking tot die ander skuldigbevinding is nieter sake nie want die appellant kom, met verlof van die verhoorhof, slegs teen die twee doodvonnisse in hoër beroep. Die gebeurtenisse met betrekking tot die misdrywe is kortliks die volgende: Die appellant was 'n droster uit die leer van Mosambiek. Hy het skynbaar

metdie wapen wat deur die owerheid aan hom uitgereik was,

gedros .... / 3

3

gedros; dit was 'n sogenaamde Russiese AK 47. Die misdade

het hy gepleeg in die omgewing van Komatipoort waar hy die

grens tussen Mosambiek en die Republiek van Suid-Afrika

waarskynlik drie keer saam met ander oorgesteek het. Volgens die getuienis was die eerste geleentheid toe hy indie nag van 2 Desember, 1984, saam met 'n ander man na die

plaas Volspruit gegaan het. Langs die pad het hulle dieoorledene en twee ander mans voorgekeer. Hulle het hulleas polisiemanne voorgedoen en om die wanvoorstelling te versterk het die appellant 'n vuurwapen, die AK 47, tevoorskyn gehaal. Hulle het die oorledene en sy vriende beveel om hulle bewysboeke te toon. Toe hulle die ant-woord kry dat die boeke by die kampong gelaat is, is dieoorledene en sy vriende berispe omdat hulle sonder die

boeke .... / 4

4

boeke rondloop. Die appellant het gesê dat hulle vir dié oortreding doodgeskiet kan word. Hy het die woord by die daad gevoeg en die oorledene doodgeskiet. Van-daar af is die appellant en sy metgesel na die kampong. Daar het hulle hulself weer as polisiemanne voorgestel. Die appellant het die inwoners bedreig en aan hulle verteld dat hy die oorledene doodgeskiet het. Die inwoners van twee van die kamers in die kampong is beroof. Presies 'n week later teen ongeveer middernag het die appellant entwee ander persone die plaas, Dit Maak Saak, besoek. By 'n kamer in die kampong het hy weer voorgegee dat hy 'n polisiedienaar was en bewysboeke gevra. Een van die inwoners het daarin geslaag om die voordeur toe te slaan endit toe te hou sodat die appellant en sy maats nie kon

binnekom .... / 5

5

binnekom nie. Die appellant het toe met die wapen wat hy weer by hom gehad het, verskeie skote op die deur gevuur. Daar is sewe gate in die deur geskiet. Een van die inwoners is in die pinkie getref. Die inwoners is met diedood gedreig en beveel om geld deur die venster te gooi. Dit het hulle gedoen. Die rowers het die geld opgetelen vertrek. Op 23 Desember 1984, dit is twee weke na dielaasgenoemde voorval, het die appellant en twee ander die plaas "The Hippos" in dieselfde omgewing besoek. Daar het hulle die drie oortredings wat laaste genoem is, gepleeg. Die appellant is later in die nag deur grenswagte voorgekeer en aangehou. Die misdrywe wat dié nag gepleeg is en die vonnisse wat die appellant daarvoor opgelê is, is nie hier

ter .... / 6

6

ter sake nie. Na sy skuldigbevinding in die verhoorhof het die appellant geen getuienis afgelê of aangebied om versagende omstandighede met betrekking tot die moord en die ander misdrywe daar te stel nie. Daar is betoog dat sekere aangeleenthede, wat gemene saak was, wel versagend is. Die betoog is deur die hof a quo verwerp. In hierdie hof is daar geen bewering van enige mistating, wanvoorstelling of onreëlmatigheid gedoen nie, maar die voormelde feite is in die betoogshoofde herhaal. Hulle word nou behandel.

Ten eerste is genoem dat die appellant tydens die pleging van die moord nog maar 'n jeugdige was. Hy was egter reeds 18 jaar en elf maande oud. Tydens

die...../ 7

7

die moord en die pleging van al die ander misdrywe het hynie soos 'n jeugdige opgetree nie. Hy was nie onvolwassen en daar is geen aanduiding dat hy onder dwang of beïnvloeding of verleiding die moord, of enige van die ander misdade gepleeg het nie. Hy was immers die een wat gepraat het, wat die wanvoorstellings gedoen het, wat die eise gestel het, wat die vuurwapen in sy besit gehad het en wat dit gebruik het. Hy het selfstandig en soos 'n volwasse misdadiger opgetree. Ten tweede is aangevoer dat hy 'n gebrekkige opvoeding en opleiding gehad het en slegs tot by standerd vier op skool gevorder het. Daar is geen getuienis van die opleiding wat hy in die Mosambiekse leer ontvang het nie. Geen gebrekkige opleiding is egter te bespeur by

die .... / 8

8

die misdadige kundigheid waarmee hy die moord, en trouens ook die ander misdrywe, uitgevoer het nie. Hierdie feit wat met betrekking tot sy opvoeding genoem is, kan nieter versagting dien nie.

Ten slotte is ook betoog dat die appellantse aanval op die oorledene 'n impulsiewe daad was, "dat hy wild en wakker geskiet het, dat hy nie presies geweet het wat hy gedoen het tydens die skietery nie." In hierdie verband stem ek met die volgende bevinding van die verhoorregter saam:

"There is nothing impulsive about this at all. It was a coldblooded and deliberate murder. He went thereafter, almost immediately, and told the other people, in order to make them fearful, (and) that made them the readier to give up their goods, that he in fact had murdered this man."

Soos .... / 9

9

Soos reeds gemeld het die appellant geweet wat hy doen en het hy kundig opgetree. Met betrekking tot die vonnis opgelê in diemoordklag is daar derhalwe geen versagtende omstandighede wat die appellant se optrede minder laakbaar of afkeurens-waardig maak nie. Die appèl teen die vonnis op hierdie skuldigbevinding kan dus nie slaag nie.

Ten opsigte van die skuldigbevinding aanroef met verswarende omstandighede het die verhoorregter by die vonnisoplegging tereg kennis geneem van die appellant se beweerde jeugdigheid en gebrekkige opvoeding. Die verhoorregter was geregtig om by die vonnisoplegging hierdie feite te oorweeg saam met ander moontlike versagtende feite asook met die verswarende feite wat die

Staat .... / 10

10

Staat met betrekking tot die pleging van die roof bewys

het. In die onderhawige geval het die appellant die

vuurwapen op 'n gevaarlike manier gebruik. Hy het min-

stens sewe skote afgevuur op 'n deur wat vir hom toegeklap

is en waaragter, daarvan was hy bewus, mense geskuil het. Hy het dan ook een persoon in die vinger gewond; dit was nie 'n ernstige wond nie. In hierdie verband wil ek die opmerking van die verhoorregter steun dat daar geen reël

is of behoort te wees dat die doodvonnis nie in soort-gelyke gevalle opgelê word nie, maar slegs in gevalle waar daar ernstige beserings veroorsaak is, opgelê kan word. Tereg sê die verhoorregter dat die vonnisopleggerse diskresie nie so aan bande gelê moet word nie. Naoorweging van al die relevante omstandighede kan ek nie

sê...../ 11

11

sê dat die verhoorregter misgetas het, enige onreëlmatigheid begaan het of 'n vonnis opgelê het wat so onvanpasis dat geen hof dit redelikerwys sou opgelê het nie. Derhalwe kan die appèl ten opsigte van hierdie vonnis ook nie slaag nie.

Die appèl word afgewys.

P M CILLIÉ, Wn AR

Kotzé, AR )

stem saam Miller, AR )

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

**ORIGINAL SOURCE**      <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/128.html>

**CASE PAGE**              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-sitoe-unknown-topic-asca-1985>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria